



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

MODEL 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.
2. Beantwoord AFDELING A slegs met potlood op hierdie vraestel in die spasies wat voorsien word.
3. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E in blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Jy mag hierdie bladsy verwyder.
6. Jy mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
7. Gebruik die tabel op die volgende bladsy as 'n riglyn vir puntetoekenning en tydindeling wanneer jy die vrae beantwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.

NASIENROOSTER

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)	NASIENER	MODERATOR
A: Musiekteorie	1	20	15		
	2.1 or 2.2	15	25		
	3	10	15		
	4.1 or 4.2	30	25		
TOTAAL AFDELING A		60	80		
B (VERPLIGTEND)	5.1	10	10		
	5.2	10	10		
TOTAAL AFDELING A		20	20		
C: Westerse Kunsmusiek (WKM)	6	10	15		
	7	5	10		
	8	5	10		
	9	5	10		
	10	15	35		
TOTAAL AFDELING A		40	80		
D: Jazz	11	12	20		
	12	5	10		
	13	8	15		
	14	15	35		
TOTAAL AFDELING A		40	80		
E: Inheemse Afrika- musiek (IAM)	15	10	15		
	16	5	10		
	17	5	10		
	18	5	10		
	19	15	35		
TOTAAL AFDELING A		40	80		
GROOTTOTAAL		120	180		

AFDELING A: MUSIEKTEORIE**BEANTWOORD VRAAG 1, VRAAG 2.1 OF 2.2, VRAAG 3, VRAAG 4.1 OF 4.2.****VRAAG 1**

Bestudeer *Kgabo Mokgatla*, 'n tradisionele Setswana-werk vir koor en beantwoord die vrae wat volg.

Kgabo Mokgatla

Traditional Setswana

1

(a)

(b)

Vraag 1.5

6

Vraag 1.10

11

(c)

Vraag 1.6

- 1.1 Noem die toonsoort van hierdie stuk.

Antwoord:

A^b majeur	= 1 punt
--------------	----------

(1)

- 1.2 Noem die intervale gemerk (a) en (b), byvoorbeeld majeur 3^{de}.

Antwoord:

(a)	Majeur 6 ^{de}	= 1 punt
(b)	Volmaakte oktaaf/8 ^{ste}	= 1 punt

(2)

- 1.3 Noem die tipe drieklank by (c), byvoorbeeld vergrote drieklank.

Antwoord:

(c)	Majeurdrieklank	= 1 punt
-----	-----------------	----------

(1)

- 1.4 Noem die mees prominente ritmiese middel wat in hierdie stuk gebruik word.

Antwoord:

Sinkopasie	= 1 punt
<i>Alternatief: Ritmiese herhaling</i>	

(1)

- 1.5 Herskryf die basparty van maat 1 en verdubbel die nootwaardes. Onthou om 'n nuwe toonmaatteken in te voeg.

Antwoord:

$$1 + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} = 3 \text{ punte}$$



1 punt vir tydmaatteken + 2 punte vir nootwaardes	= 3 punte
---	-----------

(3)

- 1.6 Transponeer die tenoorparty in maat 13 'n majeur tweede hoër en skryf dit in die tenoorsleutel oor. Voeg 'n nuwe toonsoortteken in.

Antwoord:

$$1 + 1 + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} + \frac{1}{2} = 4 \text{ punte}$$



Sleutel	= 1 punt
Toonsoort	= 1 punt
Toonhoogte en nootwaardes	= 2 punte

(4)

- 1.7 Skryf die melodiese mineurtoonleer van die verwante mineurtoonsoort van hierdie stuk, op- en afgaande in die altsleutel. Gebruik 'n toonsoortteken, heelnote en dui die halftone aan.

Antwoord:



<i>Sleutel</i>	<i>= ½ punt</i>	
<i>Toevallige tekens</i>	<i>= ½ punt vir elke toevallige teken</i>	<i>= 2 punte</i>
<i>Toonsoortteken</i>	<i>= 1 punt</i>	
<i>Korrekte halftone</i>	<i>= ½ punt</i>	
<i>Minus ½ punt vir elke fout</i>		

(4)

- 1.8 Skryf die volgorde neer waarin die vokale partye in hierdie stuk intree.

Antwoord:

Bas	<i>= ½ punt</i>
Tenoor	<i>= ½ punt</i>
Alt	<i>= ½ punt</i>
Sopraan	<i>= ½ punt</i>

(2)

- 1.9 Watter tipiese Afrika-musiek-sangstyl word in hierdie stuk gebruik?

Antwoord:

Vraag-en-antwoord-sang	<i>= 1 punt</i>
------------------------	-----------------

(1)

- 1.10 Noem die kadens in maat 8.

Antwoord:

Onvolmaakte kadens	<i>= 1 punt</i>
--------------------	-----------------

(1)

[20]

BEANTWOORD VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**VRAAG 2.1**

Gebruik die aanvangsmotief hieronder en voltooi 'n twaalfmaatmelodie in ABA-vorm vir fagot of tromboon of tjello. Dui die instrument aan waarvoor jy skryf en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Moontlike antwoord:

Instrument: Tromboon of Fagot of Tjello

A

1

mp e: Onvolmaakte kadens

B

5

G of b: Volmaakte kadens

A

9

mp e: Volmaakte kadens

Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	3 (3 x 1)	
Musikaliteit	10	
Dinamiek en artikulasie	3 (3 x 1)	
Korrekte notasie	10 (1 per maat)	
Instrument en toepaslike omvang	4	
TOTAAL	30 ÷ 2 = 15	

[15]**OF**

VRAAG 2.2

Gebruik die aanvangsmotief hieronder en voltooi 'n twaalfmaatmelodie in ABA-vorm vir fluit, klarinet, viool, kitaar of marimba. Dui die instrument aan waarvoor jy skryf en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Moontlike antwoord:

Instrument: Fluit of Klarinet of Viool of Kitaar of Marimba

A

1

G: Onvolmaakte kadens

B

5

D of C: Volmaakte kadens

A

9

G: Volmaakte kadens

Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	3 (3 x 1)	
Musikaliteit	10	
Dinamiek en artikulasie	3 (3 x 1)	
Korrekte notasie	10 (1 per maat)	
Instrument en toepaslike omvang	4	
TOTAAL	30 ÷ 2 = 15	

[15]

VRAAG 3: ANALISE

BEANTWOORD AL DIE VRAE IN DIE SPASIES WAT OP DIE PARTITUUR VOORSIEN WORD.

Bestudeer die uittreksel uit *Tema en Variasies* deur Petrus Lemmer en beantwoord die vrae.

Voorbeeldantwoord:

Petrus Lemmer

(a)

(g)

(b)

(h)

(h)

(c)

(d)

Kadens (e)

Antwoord:

(j)

(k)

(i)

Kadens (f)

Antwoord:

(i)

- 3.1 Besyfer die akkoorde gemerk (a)–(d) op die partituur. Let op die voorbeeldantwoord in maat 1.

Antwoord:

- (a) G: IV/C
 (b) G: Vb (V^6)/D/F $\sharp$
 (c) G: Ic ($I^6/4$)/G/D
 (d) G: iib (ii^6)/Am/C

1 punt vir elke akkoord	= 4 punte
Minus $\frac{1}{2}$ punt vir elke fout	

(4)

- 3.2 Noem die kadense by (e) en (f).

Antwoord:

- (e) Onvolmaakte kadens
 (f) Volmaakte kadens

1 punt vir elke kadens	= 2 punte
Minus $\frac{1}{2}$ punt vir elke fout	

(2)

- 3.3 Noem die tipe nie-harmonienote by (g)–(i). Skryf die antwoorde in die spasie wat op die partituur voorsien word, byvoorbeeld (m) terughouding.

Antwoord:

(g) Terughouding	= 1 punt
(h) Deurgangsnoot	= 1 punt
(i) Bo-wisselnoot	= 1 punt

(3)

- 3.4 Watter komposisietegniek word by (j) en (k) gebruik?

Antwoord:

Patroon en sekwens	= 1 punt
--------------------	----------

(1)

[10]

BEANTWOORD VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**VRAAG 4.1**

Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en basparty by te voeg. Jy sal punte ontvang vir die kreatiewe gebruik van nie-akkoordnote.

Moontlike antwoord:

I — Ib — iii — IV — Ib — IVb — V — ii — iib — Vb — V7 — vi

ii — iib — iiib — vi — IV — IVb — V — Ib — iib — Ic — V — IVc — I

Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Korrektheid: notasie, stemvoering, verdubbeling, spasiëring (14 akkoorde)	14 (Minus ½ punt per fout)	
Akkoordprogressie: keuse van akkoorde (12 progressies)	12 (Minus ½ punt per fout)	
Algemene indruk (korrekte gebruik van deurgangsnote en terughouding sal met ½ punt elk beloon word)	4	
TOTAAL		30 ÷ 2 = 15
Korrektheid:	Assessee die 14 akkoorde vertikaal vir 1 punt elk = 14 punte Minus ½ vir elke fout, maar nie meer as minus 1 per akkoord nie	
Keuse van akkoorde:	Assessee die 12 progressies vir 1 punt elk = 12 punte Minus ½ vir elke fout, maar nie meer as minus 1 per progressie nie	
Algemene indruk:	4 = 100% 3½ = 88% 3 = 75% 2½ = 63% 2 = 50% 1½ = 38% 1 = 25% ½ = 13% IV IVb	

OF**[15]**

VRAAG 4.2

Voltooi die stuk deur geskikte harmoniese materiaal in die bassleutel by te voeg. Maak seker dat jy binne die styl van die gegewe materiaal bly.

Moontlike antwoord:

With swing

Chords indicated above the staff: C7, C7, F7, F, Gdim, G#dim, F7/A, G7, F7, C, C/E, Cdim, Bdim, C, C7.

Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

BESKRYWING		PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT																								
Korrektheid: notasie, stemvoering, spasiëring (8 akkoorde)		8 (Minus ½ punt per fout)																									
Akkoordprogressie: keuse van akkoorde		16 (2 per maat) (Minus ½ punt per fout)																									
Algemene indruk		6																									
TOTAAL		30 ÷ 2 = 15																									
Keuse van akkoorde:	2 punte per maat = 16 punte minus ½ punt vir elke fout, tot 'n maksimum van 2 punte per maat																										
Korrektheid:	1 punt per maat = 8 punte minus ½ punt vir elke fout, tot 'n maksimum van 1 punt per maat																										
Algemene indruk:	<table><tr><td>6</td><td>= 100%</td></tr><tr><td>5½</td><td>= 92%</td></tr><tr><td>5</td><td>= 83%</td></tr><tr><td>4½</td><td>= 75%</td></tr><tr><td>4</td><td>= 67%</td></tr><tr><td>3½</td><td>= 58%</td></tr><tr><td>3</td><td>= 50%</td></tr><tr><td>2½</td><td>= 42%</td></tr><tr><td>2</td><td>= 33%</td></tr><tr><td>1½</td><td>= 25%</td></tr><tr><td>1</td><td>= 17%</td></tr><tr><td>½</td><td>= 8% Nasieners mag ½-punte gebruik.</td></tr></table>			6	= 100%	5½	= 92%	5	= 83%	4½	= 75%	4	= 67%	3½	= 58%	3	= 50%	2½	= 42%	2	= 33%	1½	= 25%	1	= 17%	½	= 8% Nasieners mag ½-punte gebruik.
6	= 100%																										
5½	= 92%																										
5	= 83%																										
4½	= 75%																										
4	= 67%																										
3½	= 58%																										
3	= 50%																										
2½	= 42%																										
2	= 33%																										
1½	= 25%																										
1	= 17%																										
½	= 8% Nasieners mag ½-punte gebruik.																										

[15]**TOTAAL AFDELING A: 60**

Beantwoord die vrae in die volgende AFDELINGS in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.

ALGEMENE MUSIEKKENNIS: AFDELING B (VERPLIGTEND) EN AFDELING C OF D OF E

AFDELING B (VERPLIGTEND)

VRAAG 5

5.1	5.1.1	C		(1)
	5.1.2	D		(1)
	5.1.3	B		(1)
	5.1.4	A		(1)
	5.1.5	C		(1)
	5.1.6	B		(1)
	5.1.7	B		(1)
	5.1.8	D		(1)
	5.1.9	B		(1)
	5.1.10	C		(1)
5.2	5.2.1	H		
	5.2.2	J		
	5.2.3	I		
	5.2.4	F		
	5.2.5	C		
	5.2.6	D		
	5.2.7	B		
	5.2.8	A		
	5.2.9	E		
	5.2.10	G	(10 x 1)	(10)

TOTAAL AFDELING B: 20

BEANTWOORD AFDELING C OF D OF E.**AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)****VRAAG 6**

- 6.1 'Goed' – Sarastro, 'Boos' – Die Koningin van die Nag
2 punte (2)
- 6.2 Adagio – stadig, Allegro – lewendig en opgewek
2 punte (2)
- 6.3 *Hebrides Overture* (1)
- 6.4
- Programmatiese invloed
 - 'n Titel vir elke seksie (beweging)
 - Bestaan uit vyf bewegings in plaas van die konvensionele vier bewegings
- Enige 2 = 2 punte* (2)
- 6.5
- Uitbeelding van natuurlike gebeure (voëlgesang, donderstorm, ens.)
 - Daar is 'n sterk melodiese gevoel
 - 6/8-tydmaatteken het 'n duidelike verband met die Siciliano of herderslied
- Enige 2 = 2 punte* (2)
- 6.6 *Simfonie Nr. 3 – Eroica*
1 punt (1)
- [10]**

VRAAG 7

- Die samestelling van die standaard klassieke orkes is gevestig, bv.:
 - Strykers: Viool I, Viool II, Altviol, Tjello, Kontrabas
 - Houtblasers: 2 Fluite, 2 Hobo's, 2 Fagotte
 - Koperblasers: 2 Horings
 - Slagwerk: 2 Timpani's
- Tremolo
- Skielike *sfz*
- Openings-arpeggio's
- Crescendo en decrescendo

4 punte vir instrumente; 2 x ½ punte vir enige twee tegnieke

[5]

VRAAG 8

- Papageno is 'n voëlvanger en help Tamino om die ontvoerde Pamina te vind
- Hy dien verskeie kere as tussenganger
- Verlang na liefde en wil graag trou
- Sy karakter verskaf dikwels opwindning of komiese ontlading as die handeling te ernstig raak
- Die musiek wat Papageno sing is dikwels eenvoudig en volkmelodieagtig
- Hy toon ook tipiese menslike swakhede

3 feite vir verwysing na storielyn, 2 feite vir verwysing na die musiek = 5 punte

[5]

VRAAG 9

- Die finale bestaan uit 30 minute aaneenlopende musiek; die aksie vind in die Tempel van Wysheid plaas
- Daar is vyf duidelike seksies:
 - Die Drie Seuns en Pamina sing 'n kwartet
 - Tamino en Pamina sing in 'n duet wat handel oor hulle verhoor
 - Papageno en Papagena word verenig en sing 'n duet
 - Die Koningin van die Nag en haar aanhangers kom na vore – solo en koor
- Die finale koor bevestig die oorwinning van die goeie oor die bose

5 punte vir benoeming van seksies en musiekgenres

[5]

VRAAG 10

Punte moet toegeken word vir aanbieding in opstelformaat en goed gemotiveerde inhoud.

Inleiding: (1 punt)

Algemeen: (4 punte)

- Beethoven domineer die simfoniese genre in Wene van 1790–1825
- Hy word beskou as oorbruggingskomponis tussen die Klassieke en Romantiese periodes
- Hy komponeer nege simfonieë, wat die *Eroica* (Nr. 3), die monumentale *Noodlot Klop Aan Die Deur* (Nr. 5), die innoverende *Pastoraal* (Nr. 6) en een van sy grootste werke *Koraal* Nr. 9 insluit

Stylkenmerke: (5 punte)

- Die hoofkenmerke van sy simfoniese musiek sluit die volgende in:
 - Gebruik 'n groter orkes wat trombone en klarinette ens. insluit
 - Verlenging en vergroting van die impak van die simfonie
 - Brei sonatevorm uit deur die koda te verleng
 - Skep uit 'n enkele motief 'n grootskaalse beweging (soos in die eerste beweging van *Simfonie Nr. 5*)
 - Eksperimenteer met orkestrasie en kontrasteer seksies van die orkes (strykers teenoor houtblasers)
 - Gebruik 'n groot verskeidenheid dinamiese aanduidings wat sterk aksente insluit
 - Pas twee soorte melodieë toe:
 - Kort eerste temas met motiewe, bv. die 'noodlotmotief' van *Simfonie Nr. 5*
 - Pragtige cantabile-melodieë, bv. die 5^{de} beweging van die *Pastorale Simfonie*

Simfonie Nr. 6: (4 punte)

- *Simfonie Nr. 6* is innoverend omdat dit die eerste simfonie met programmatiese tendense is ('n titel vir elke beweging)
- Bestaan uit vyf bewegings
- Verskil van die standaard drie of vier bewegings wat tot dan deur komponiste gebruik is
- Daar is duidelike oomblikke van toonskildering (water in 'n stroompie, donderstorm, herderslied)

Slot: (1 punt)

- Beethoven ondersoek die potensiaal van die simfoniese genre ten volle en voeg 'n koor by 'n vol orkes in *Simfonie Nr. 9* wat die weg baan vir opvolgkomponiste

Totaal 15 punte

[15]

TOTAAL AFDELING C:

40

OF

AFDELING D: JAZZ**VRAAG 11**

- 11.1
- Hoofinstrumente: kitaar, banjo en klavierbord
 - Sikliese struktuur met 'n herhalende harmoniese progressie
 - Dansmusiek met 'n herhalende frasestruktuur
- Enige 2 = 2 punte* (2)
- 11.2
- Kwêla is gebaseer op penniefluitjie-straatmusiek uit Suider-Afrika
 - Beïnvloed deur jazz
 - Het 'n duidelike skiffle-agtige polsslag
- Enige 2 = 2 punte* (2)
- 11.3
- Lemmy Mabaso
 - Spokes Mashiyane
 - Elias Lerole
- Enige 2 = 2 punte* (2)
- 11.4
- Die rede vir die gebruik van die penniefluitjie is dat dit goedkoop en draagbaar is
 - Kon as solo- of ensemble-instrument gebruik word
 - Verskeie tipes fluite is reeds lank as tradisionele instrumente in Suid-Afrika gebruik
- 3 punte* (3)
- 11.5
- Mbaqanga is 'n Suid-Afrikaanse musiekstyl afkomstig van plattelandse Zulu-tradisies wat steeds musikante wêreldwyd beïnvloed
- 1 punt* (1)
- 11.6
- Mbaqanga het in die Suid-Afrikaanse sjebeens gedurende die 1960's ontwikkel
 - Die gebruik van Westerse instrumente stel mbaqanga in staat om in 'n Suid-Afrikaanse weergawe van jazz te ontwikkel
 - Die klank is 'n mengsel tussen Westerse instrumentasie en Suid-Afrikaanse vokale styl
 - Baie beskou dit as die resultaat van 'n vermenging ('fusion') tussen marabi en kwêla
- Enige 2 = 2 punte* (2)
- [12]**

VRAAG 12

- The Jazz Epistles was Suid-Afrika se eerste belangrike (maar kortstondige) bebop-band
- Geïnspireer deur Art Blakey se Jazz Messengers en ander Amerikaanse bebop- en hardbop-kunstenaars
- Hierdie was die bekendste jazz-musikante van hul tyd wat deurgaans individueel die klank van Suid-Afrikaanse Jazz beïnvloed het
- Die groep was grootliks beïnvloed deur marabi-musiek
- Hulle het met totale musikale vryheid gespeel en die Suid-Afrikaanse jazz-orkeste wat gevolg het, beïnvloed
- In 1959, net voor hulle ontbind het, word die eerste album deur 'n swart Suid-Afrikaanse groep, The Jazz Epistles, opgeneem, *Jazz Epistle, Verse 1*
- Die album demonstreer die spelers se bewondering vir die Amerikaanse jazz van daardie tyd, maar hulle begin ook 'n meer definitiewe Suid-Afrikaanse klank ontwikkel wat hulle later as individuele kunstenaars in die daaropvolgende dekades sou ontwikkel
- Die stuk *Vary-oo-vum* is 'n goeie voorbeeld van die aardse aard van hard bop met 'n swing-ritme en 'n blues-gebaseerde harmoniese struktuur

Enige 5 = 5 punte

[5]

VRAAG 13

- Cape Jazz is 'n jazz-genre wat in die suidelike deel van Afrika opgevoer word en waarvan die naam na Kaapstad verwys
- Cape Jazz is soortgelyk aan die gewilde marabi-musiekstyl, maar tog meer improvisierend van karakter
- Waar marabi 'n klavier-jazz-styl is, gebruik Cape Jazz aanvanklik instrumente wat maklik vervoerbaar is en in straatparades gebruik kan word, bv. koperblasers, banjo's, kitarre en perkussie-instrumente
- Die hoofeksponeerders van hierdie musiekstyl in die 1970's is die pianis Abdullah Ibrahim (toe bekend as Dollar Brand) en saksofoonspelers, wyle Basil Coetzee en Robbie Jansen
- Hierdie drie, saam met die basspeler Paul Michaels, wyle tromspeler, Monty Weber, en saksofoonspeler, Morris Goldberg, het 'n opname van die tipiese Cape Jazz-lied, *Mannenber*, gemaak
- Die naam van die lied wat deur Brand/Ibrahim gekomponeer is, is ontleen aan die Cape Flats in Kaapstad
- Cape Jazz is hoofsaaklik geïnspireer deur die blues en volksliedere gesing deur die Kreoolse mense, wat afkomstig was van die vorige slawegemeenskappe
- 'n Straatparade of Mardi Gras (ook genoem die Kaapse Klopse Karnaval/'Coon Carnival') word elke jaar gehou met die hoogtepunt op 2 Januarie
- Die musikante, bekend as Klopse, het die geverfde gesigte en helderkleurige kostuums ontleen aan die New Orleans minnesanger ('minstrel') -opvoeringstyl en dit gekombineer met Afrika- en Europese musiek wat in die tavernes en nagklubs van die hawestad gehoor is
- Staan ook deesdae bekend as Ghoema of Ghoema-jazz

Enige 8 = 8 punte

[8]

VRAAG 14

Punte moet toegeken word vir aanbieding in opstelformaat en goed gemotiveerde inhoud.

Inleiding: (1 punt)

- As gevolg van spanning tussen die vryheid wat 'n vereiste is vir jazz-musikante teenoor die onderdrukking van die regering gedurende die apartheidsjare, wat te veel was om te verdra, verlaat talle jazz-musikante Suid-Afrika

Sy werk met The Blue Notes: (4 punte)

- Na hulle bekendheid in Suid-Afrika in die vroeë 1960s verwerf het, verlaat hierdie dinamiese, avontuurlustige groep, gelei deur pianis Chris McGregor, die land in die laat 1960's en gaan woon in Brittanje
- Die ander lede van die orkes – Dudu Pukwana, Mongezi Feza, Johnny Dyani en Louis Moholo – het grotendeels bygedra tot die klank van hierdie veranderende ensemble en maak ook opnames van betekenisvolle solo's
- The Blue Notes maak 'n groot, lewenslange algemene indruk op die Europese geïmproviseerde musiektoneel
- Hulle lê die grondslag vir ander Suid-Afrikaanse kunstenaars wat hulle volg
- The Blue Notes help om 'n opwindende musiekklimaat te skep waarin ander kunstenaars hul eie idees oor musikale vryheid kon ontwikkel
- The Blue Notes, en later die McGregor-bands, soos The Brotherhood of Breath en ook die Pukwana- en Moholo-bands, het 'n essensiële deel van Europese jazz avant-garde geword en dra die Afrika-invloed oor die Suid-Afrikaanse grense heen

Enige 4

Sy werk met The Brotherhood of Breath: (4 punte)

- The Brotherhood of Breath was 'n big band wat in die laat 1960's ontwikkel is deur die Suid-Afrikaanse pianis/komponis, Chris McGregor (1936–1990) en was in werklikheid 'n verlengstuk van McGregor se vorige groep, The Blue Notes
- The Brotherhood of Breath, wat in 1967 ontstaan, sluit Britse en Europese musikante in
- Die musikante wissel, afhangend van hul beskikbaarheid
- Die musiek bestaan uit 'n mengsel van vinnigbewegende blues van Charles Mingus en die wilde eksperimentele musiek van Sun Ra
- Die musiek van The Brotherhood of Breath behou 'n unieke klanksoort as gevolg van die Suid-Afrikaanse invloede en die slim verwerkings
- Die oorspronklike Brotherhood Of Breath eindig in die laat 1970's met die dood van sekere van die stigterslede
- McGregor stig 'n tweede weergawe van die groep in Frankryk gedurende die vroeë 1980's
- In 1987 word 'n derde groep gestig met Afrika- en Britse musikante
- In hierdie groep is die musiek meer gekontroleerd en het minder vrye improvisasie

Enige 4

Chris McGregor se invloed: (3 punte)

- Die bigband-styl van Chris McGregor beïnvloed 'n nuwe tipe Britse big band
- Hierdie orkeste (bands) bring verskillende elemente byeen en gebruik dikwels die vraag-en-antwoord patrone van Afrika-musiek
- Hy dra grotendeels by tot vrye improvisasie van musiek
- Daar was 'n inherente vryheid en buigbaarheid wat deur spelers met 'n indrukwekkende tegniese vaardigheid kombineer word
- Die meeste komposisies beweeg weg van die hoogs georganiseerde komposisionele aspekte van big band musiek en reflekteer stemming en tekstuur wat aan spelers meer vryheid gee om hulself uit te druk

*Enige 3**Werke: (2 punte)*

- *Country Cooking* en *Mra* is van sy bekendste werke

Enige ander werke sal aanvaar word

Slot: (1 punt)

- Baie groot musikante sterf gedurende bannelingskap en Suid-Afrika is vandag baie armer as gevolg van die verlies van hierdie groot geeste. Sommige musikante het teruggekeer en het die musiek wat vandag as Suid-Afrikaanse jazz bekend staan, verder verryk

[15]**TOTAAL AFDELING D: 40****OF**

AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**VRAAG 15**

- 15.1 • Hy pas Kiba aan tot 'n formaat wat deur enige instrument uitgevoer kan word
 • Komponeer en voer Kiba uit in 'n groot verskeidenheid tale, in plaas van die oorspronklike Sepedi en Tshivenda (2)
- 15.2 Vry Kiba (1)
- 15.3 Joseph Shabalala (1)
- 15.4 Malombo-trom (1)
- 15.5 Kunstenaar: Paul Simon
 Album: *Graceland* (2)
- 15.6 Imbongi (Tradisionele Zulu-vereringspoësie)
 Uniek aan hierdie styl is die kitaarspeltegniek (Ukuvamba en Ukupika) (2)
- 15.7 Mbaqanga (1)
- [10]**

VRAAG 16

- Ladysmith Black Mambazo is in 1964 deur Joseph Shabalala gestig
- Die oorsprong van die naam is ontleen aan:
 - Ladysmith – Shabalala se geboortedorp
 - Black – Die swart os, wat as die sterkste plaasdier beskou word
 - Mambazo – beteken 'byl' en is simbolies van die koor se gewoonte om enige kompetisie te wen waaraan hulle deelneem ('to chop down')
- Die groep begin in 1967 met opnames vir die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
- Eerste opnames vir Gallo-platemaatskappy in 1972
- Eerste album *Amabutho* bereik goue status
- Werk saam met Paul Simon aan die *Graceland*-album in 1986
- Stel in 1987 hul album *Shaka Zulu* in die VSA vry
- Die album wen 'n Grammy-toekenning vir Beste Tradisionele Volksmusiek-opnames
- Tree op in Michael Jackson se film *Moonwalker* in 1988
- Begelei Nelson Mandela in 1993 na die Nobelprys vir Vrede-seremonie in Oslo
- 'n Dokumentêre film van die groep, *On Tiptoe: Gentle Steps to Freedom* word in 2000 vrygestel
- *Long Walk to Freedom*, 45-jarige viering van die groep, is in 2006 vrygestel
- *Ilembe* word in 2007 vrygestel tot eer van Shaka Zulu
- In 2011 word *Songs From A Zulu Farm* genomineer vir 'n SAMA en was onder die top vyf van die Beste Wêreldmusiekrystellingskategorie

*Enige 5***[5]**

VRAAG 17

- Gewoonlik die stigterslid van die groep
- Verantwoordelik vir die komponering van die musiek
- Verantwoordelik vir die choreografie van die dansstappies/-bewegings
- Die groep en gehoor verwag van hom om vereringspoësie by sy improvisasie in te sluit
- Hy moet elke lid se familie-agtergrond, tuiste en familie-afstammeling ken
- Gebruik die lede se inligting om hulle bekend te stel deur 'n bekendstellingslied *Ukubingelela*

*Enige 5***[5]****VRAAG 18**

- Kitare in maskanda het gewoonlik staalsnare eerder as nylon, om meer perkussiewe klanke te skep
- 'n Plektrum (genoem ikati) word dikwels gebruik
- Twee hooftegnieke:
 - Ukuvamba (perkussiewe gerolde akkoorde)
 - Ukupika (vingerplukstyl ('finger-picking style'))
- In ukupika word die lae snare met die duim gespeel (Amadoda – manne)
- Die ander vingers van die regterhand (hoofsaaklik die wysvinger) speel 'n melodie op die boonste snare (Amantombazane – vroue)
- Die sanger sing gewoonlik unisoos met die melodie wat deur die boonste snare gespeel word
- Die kitaar word gewoonweg gestem

*Enige 5***[5]****VRAAG 19**

Punte moet toegeken word vir aanbieding in opstelformaat en goed gemotiveerde inhoud.

*Inleiding: (1)**Algemene inligting: (3)*

- Mbaqanga is dansmusiek wat tradisionele elemente en moderne musiek soos jazz kombineer
- Bekend as township jive
- Ontwikkel in die sjebeens gedurende die 1960's
- Vermeng Amerikaanse jazz-, mbube-, kwêla- en marabi-musiek
- Instrumente sluit die trekklavier, viool, penniefluitjie en saksofoon in
- Agtergrondmusiek verskaf deur elektriese bas en tromme
- Gewoonlik manlike sangers
- Word populêr as gevolg van die radio-uitsendings van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

Enige 3

Stylkenmerke: (5)

- 'n Tipiese mbaqanga-lied begin met 'n kort, geïmproviseerde inleiding met 'n dubbelsinnige ritmiese figuur op 'n solo-kitaar
- 'n Viermaat-akkoordprogressie wat deur die hele werk klink, word geïmpliseer deur die baskitaar en begelei deur die tromme
- Vraag en antwoord word in die vokale passasies gebruik, en ook tussen die stemme en instrumente
- Die baslyne speel 'n belangrike rol in mbaqanga-liedere omdat dit nie slegs die harmoniese raamwerk verskaf nie, maar dikwels ritmiese en melodiese idees wat in die vokale lyne voorkom, herhaal en versterk
- Mbaqanga behou die dansagtige stilistiese karakter, maar verskaf 'n kragtiger klank en sterker voortstuwende maatslag as kwêla en ander dans-genres

*Enige 5**Tsotsi: Boyoyo Boys (5)*

- Die aanvanklike kitaarlynn in *Tsotsi* verskaf een van die twee hoof melodiese temas van die lied
- Na die kort instrumentale inleiding, fokus die hoof vokale lyn op die kitaartema
- Die kitaarparty begin die lied in mbaqanga-styl met 'n dubbelsinnige ritmiese inleiding
- Die kitaar-inleiding het 'n improvisatoriese karakter
- 'n Duidelike gedefinieerde ritmiese struktuur word geskep met die intrede van die tromme
- Daar is interaksie tussen die baslyn en sangers wat 'n belangrike mbaqanga-konsep is
- In kombinasie met die sangers verskaf die baslyn krag aan die melodiese raamwerk en die ritmiese struktuur van die lied
- Ander tradisionele marabi-eienskappe is waarneembaar in die hierdie mbaqanga-styl, insluitende I-IV-I⁶₄-V-akkoordprogressie en die eenvoudige viermaatfrases
- Die vraag-en-antwoord-patroon en die gebruik van 'n manlike-ensemble (geen vroue nie) dui op die invloed van mbube

*Enige 5**Slot: (1)*

Vroeë mbaqanga steun sterk op die tradisionele musiek-eienskappe van Zulu-oorsprong, maar het die potensiaal om in 'n ware Suid-Afrikaanse styl te ontwikkel

Totaal 15 punte **[15]**

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 120